**Dinsdag 6 Februarie**

| **Skrifgedeelte: Hosea 2:17-22** | **Fokusgedeelte: Hosea 2:13** |
|---|---|

# Die begenadigde kerk

Ons dink gewoonlik te menslik aan God. Hoe dikwels sê ons dat ons iemand sal ver-gewe, maar die onreg nooit sal vergeet nie. God tree egter nie so op nie.

In Antwoord 56 van die Kategismus is dit duidelik dat as God vergewe Hy nie aan die sonde wil dink nie. Antwoord 60 – vergifnis asof ek nooit sonde gedoen het ie.

Hoe pragtig lees ons dit nie in hierdie verse nie! Hy neem die verkeerde denke by sy Bruid weg. Van nuuts af is hier sprake van verlowing (1953-vertaling) – asof daar nooit enige ontrou was nie, asof die Bruid vlekkeloos is.

Die Here herstel die natuur om vir sy bruid te sorg. Die naamsveranderinge wat ons in die eerste hoofstuk gesien het, word ook omgekeer: “My volk!” “My God.”

Hosea 2 leer ons dat die Here nooit die sonde goedpraat of wegkyk as sonde gedoen word nie. Hy waarsku, en as die kerk nie na die waarskuwings luister nie, tree die Here hardhandig op.

So moet elke lidmaat en elke gemeente voortdurend vra: Doen ek wat die Here sê? Hierdie mag nie ’n terloopse vraag wees nie, maar een waar ons na elke aspek van ons diens aan die Here kyk. Is dit God se goedkeurende wil?

Elkeen wat ongehoorsaam is, moet weet: Die Here kan vir my baie teëspoed stuur. Sy doel is om die bloed van Christus nie te versmaai nie.

Elkeen wat gehoorsaam is, moet weet: God se genade vir my en ons kerk is groter as enige en alle sonde.

*Sing: Psalm 97-1:6, 7*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*